GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2022

10711

REKENINGKUNDE

VRAESTEL 1

TYD: **2 uur**

PUNTE: **150**

12 bladsye + 1 formuleblad

b.o.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. ALLE vrae moet beantwoord word in die spesiale ANTWOORDBOEK wat voorsien is.

2. Toon ALLE bewerkings aan om deelpunte te verdien.

3. Jy mag ’n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

4. Jy mag ’n donker potlood of blou/swart ink gebruik om jou vrae te beantwoord.

5. Waar van toepassing, toon alle berekeninge tot EEN desimale punt aan.

6. Indien jy so verkies, mag jy die Finansiële Aanwysers Formuleblad wat aangeheg is aan die einde van die vraestel, gebruik. Die formuleblad is NIE verpligtend NIE.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as ’n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om nie daarvan af te wyk nie.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Finansiële State	60	48
2	Finansiële Aanwysers en Kontantvloeistaat	45	36
3	Ontleding van Finansiële State	20	16
4	Korporatiewe Bestuur, Ouditverslag en Probleemoplossing	25	20
TOTAAL		**150**	**120**

VRAAG 1: FINANSIËLE STATE (60 punte; 48 minute)

1.1 KONSEPTE

Kies die korrekte term om elkeen van die volgende stellings te voltooi. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

inkomstestaat; bedryfsbate; nie-bedryfsbate; balansstaat; uitgawe; netto bedryfskapitaal

1.1.1 Die staat wat die finansiële posisie van die maatskappy weerspieël, word 'n ... genoem.

1.1.2 Verbruiksgoedere voorhande is 'n ...

1.1.3 'n Vaste deposito wat binne twee jaar gaan verval is 'n ...

1.1.4 Die verskil tussen bedryfsbates en bedryfslaste is …

1.1.5 Die staat wat die finansiële resultate van die maatskappy weerspieël, word 'n ... genoem. (5)

1.2 STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE EN STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

FEINT PPE BPK

Verwys na die inligting verkry uit die rekords van FEINT PPE Beperk vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2022.

OPDRAG:

Voltooi die volgende vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022.

1.2.1 Staat van omvattende inkomste (Inkomstestaat). Neem kennis dat sommige inligting in die ANTWOORDBOEK aangebring is. (32)

1.2.2 Ekwiteit en Aanspreeklikhede-afdeling van die Staat van finansiële posisie (Balansstaat). Toon ALLE berekeninge in hakies. (23)

INLIGTING:

Die volgende saldo's/totale verskyn in die boeke op 28 Februarie 2022:

	R
Gewone aandelekapitaal	**?**
Behoue inkomste (28 Februarie 2022)	468 000
Verbandlening: Best Bank	**?**
Handelsvoorraad	370 870
Krediteurekontrole	203 100
Voorsiening vir oninbare skulde (1 Maart 2021)	2 140
SAID Inkomstebelasting (voorlopige betalings)	323 888
Deposito van huurder	12 000
Verkope	**?**
Koste van verkope	**?**
Huurinkomste	130 200
Ouditfooie	25 000
Versekering	103 500
Diverse uitgawes	**?**
Gewone aandele dividende	340 000

Aansuiwerings en addisionele inligting:

A Feint PPE Bpk, handhaaf 'n 60% winsopslag op alle verkope. Verlede jaar se verkope beloop R6 500 000. Feint PPE Bpk is bly om aan te kondig dat daar 'n 20% toename in die verkope in die jaar geëindig Februarie 2022 was. Daar was geen verkoopretoere (terugsendings) vir die jaar nie.

B Volgens 'n fisiese voorraadopname, beloop die handelsvoorraad voorhande R358 240.

C 'n Debiteur se rekening met 'n kredietsaldo van R3 400, moet oorgedra word na sy rekening in die krediteuregrootboek.

D Verminder die voorsiening vir oninbare skulde met R230.

E 'n Vakante stoorkamer is op 1 Maart 2021 aan 'n huurder verhuur. Op 1 Desember 2021 is die huur verminder met 7.5%. Voorsien vir die uitstaande huur vir Februarie 2022.

F Feint PPE Bpk het 'n 40% deposito op hul ouditfooie vir die jaar betaal. Die balans sal op 5 Maart 2022 vereffen word.

G ’n Versekeringspolis is op 1 Augustus 2021 uitgeneem teen R11 500 per maand.

H Die leningstaat van Best Bank toon die volgende:

BEST BANK LENINGSTAAT OP 28 FEBRUARIE 2022	
Saldo aan die begin van die finansiële jaar	R1 250 000
Vaste maandelikse terugbetalings insluitende rente	45 200
Rente uitgawe (gekapitaliseerd)	220 500

- Rente vir die volgende finansiële jaar sal na verwagting R150 000 wees.
- ’n Gedeelte van die lening sal in die volgende finansiële jaar terugbetaal word.

I Diverse uitgawes is die ontbrekende syfer in die inkomstestaat.

J Die inkomstebelasting van R340 088 is bereken teen ’n koers van 28% van die netto wins.

K Aandele en Dividende

- Die gemagtigde aandele beloop 800 000 aandele waarvan 60% uitgereik is.
- Totale dividende beloop R445 600 vir die jaar.

L Die volgende finansiële aanwysers is bereken op 28 Februarie 2022:

- Bedryfswins op verkope 15%.
- Netto batewaarde per aandeel, 720 sent.

60

VRAAG 2: FINANSIÈLE AANWYSERS EN KONTANTVLOEISTAAT

(45 punte; 36 minute)

SEVERANCE BEPERK

Die onderstaande inligting is onttrek uit die state van Severance Beperk. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2022.

OPDRAG:

2.1 Voltooi die volgende notas tot die Balansstaat:

2.1.1 Gewone Aandeelhouersekwiteit (7)

2.1.2 Behoue Inkomste (9)

2.2 Voltooi die kontantvloeistaat deur die ontbrekende syfers in te vul. Toon berekeninge aan en gebruik hakies om 'n uitvloei aan te dui. (18)

2.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2022:

2.3.1 % bedryfsuitgawes op verkope (3)

2.3.2 Bedryfskapitaal verhouding (4)

2.3.3 Opbrengs op aandeelhouers se ekwiteit (4)

INLIGTING:

A Uittreksel van die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) op 28 Februarie 2022:

Verkope	R10 650 000
Bedryfsuitgawes	1 250 000
Waardevermindering	320 000
Bedryfswins	3 460 000
Rente uitgawe	219 700
Inkomstebelasting (28%)	2 072 000

B Handels en ander ontvangbares en betaalbares

	28 Februarie 2022 (R)	28 Februarie 2021 (R)
Handelsdebiteure	1 279 400	342 000
Handelskrediteure	770 000	338 000
Opgelope Inkomste	48 000	81 000
Opgelope Uitgawe (Advertensie)	9 000	8 700
Vooruitontvange Inkomste	5 400	6 200
SAID (Inkomstebelasting)	(DT) 30 000	(KT) 160 000
Aandeelhouers vir dividende	?	212 000
Oortrokke bank	0	147 500

C Uittreksel van die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat)

	28 Februarie 2022 (R)	28 Februarie 2021 (R)
Vaste bates (drawaarde)	20 158 970	13 590 000
Finansiële bates	0	1 000 000
Bedryfsbates	2 021 280	721 850
Voorraad	561 880	110 250
Kontant en kontantekwivalente	102 000	72 000
Aandeelhouersekwiteit	?	
Gewone aandelekapitaal	26 250 000	
Behoue inkomste	?	7 000 000
Lening: EYE Bank	1 960 000	2 080 000
Bedryfslaste	?	

D VASTE BATES

- Vaste bates is gedurende die finansiële jaar aangekoop.
- Ou toerusting met 'n drawaarde van R67 590, is op 1 Julie 2021 verkoop.

E AANDELEKAPITAAL EN DIVIDENDE

- Op 1 Mei 2021, het die direkteure nog 2 000 000 gewone aandele teen R2,75 elk, uitgereik.
- 'n Interim dividend van 22 sent is op 15 Oktober 2021 betaal.
- Op 30 November 2021 is 500 000 gewone aandele van 'n ontevrede aandeelhouer teen 25 sent bo die gemiddelde prys teruggekoop.
- 'n Finale dividend van 12 sent per aandeel is aan die einde van die finansiële jaar deur die direkteure verklaar. Slegs geregistreerde aandeelhouers is geregtig op die finale dividend.

45

VRAAG 3: ONTLEDING EN VERTOLKING (20 punte; 16 minute)

ZUSA BEPERK

Zusa Beperk is ’n farmaseutiese maatskappy, wat op die JEB gelys is, wat gemmer gebruik om immuunversterkersprodukte te vervaardig. Hulle besit ’n plaas in QwaQwa waar hulle, hulle eie gewasse kweek. Boozer, een van die bestuurders, het die direkteure ingelig hoe die boerdery gemeenskap die gevolge van die droogte op gemmer moes bestry het. Zusa Bpk is tans in die proses om ’n entstof teen COVID-19 te ontwikkel. As gevolg van die stadige groei van gemmer en omdat daar tans minder werk is, het Zusa Bpk besluit om die aantal werkers te verminder.

Die onderstaande inligting is ’n uittreksel van hulle finansiële rekords.

OPDRAG:

3.1 Bereken die Skuld-ekwiteitsverhouding vir die jaar geëindig Februarie 2022. (3)

3.2 Die direkteure van Zusa Beperk moet nog R1 000 000 insamel ten bate van die navorsing en ontwikkeling van die COVID-19 entstof. Hulle het besluit om ’n lening aan te gaan om sodoende die navorsing en ontwikkeling te finansier. Dink jy dit is ’n wyse besluit? Lewer kommentaar en haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan om jou antwoord te staaf. (6)

3.3 Lewer kommentaar oor die dividendbeleid van Zusa Beperk. Haal syfers aan. (3)

3.4 Noem TWEE probleme wat ’n invloed op Zusa Beperk se winsgewendheid sal toon en verduidelik die invloed wat dit op wins sal hê. (4)

3.5 Die besturende direkteur besit tans 51% van die gewone aandele.

3.5.1 Indien die maatskappy nog 200 000 aandele sou uitreik, wat sal sy persentasie aandeelhouding na die uitreiking van die nuwe aandele wees? (3)

3.5.2 Hoekom sou die besturende direkteur bekommerd wees oor die uitreiking van die nuwe aandele? (1)

INLIGTING:

A UITTREKSEL VAN DIE FINANSIËLE STATE:

	2022	2021
Bedryfsbates	251 750	110 250
Bedryfslaste	156 000	342 000
Nie-bedryfslaste	480 000	810 000
Gewone Aandelekapitaal	2 200 000	3 500 000
Behoue Inkomste	750 000	800 000

B FINANSIÈLE AANWYSERS:

	2022	2021
Skuld-ekwiteitsverhouding	?	0,5 : 1
Opbrengs op totale kapitaal aangewend	17%	19%
Opbrengs op aandeelhouersekwiteit	8%	16%
Verdienste per aandeel	93 sent	105 sent
Dividende per aandeel	24 sent	65 sent
Netto Batewaarde per aandeel	725 sent	702 sent
Bedryfskapitaal verhouding	1,9 : 1	0,3 : 1
Vuurproefverhouding	1,2 : 1	0,2 : 1
Voorraadomsetsnelheid	6 keer	9 keer
Tydperk voorraad voorhande	60 dae	40 dae
Rentekoers op beleggings	3%	5%
Rentekoers op lenings	9%	12%

C Die gemagtigde aandelekapitaal van Zusa Beperk is 1 000 000 gewone aandele. 75% van die aandele is aan die begin van die finansiële jaar uitgereik.

20

VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR, OUDITVERSLAE EN PROBLEEMOPLOSSING (25 punte; 20 minute)

4.1 Kies ’n verduideliking van KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.4) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	Interne Ouditeur	A	Invloed van besigheidsaktiwiteite op die wins, sowel as die effek op die omgewing en die sosiale kwessies
4.1.2	Driedubbele Reël	B	Verduidelik die prestasie van die maatskappy en die hoof besluite wat geneem is
4.1.3	Direkteursverslag	C	Lewer ’n opinie oor die finansiële state van ’n maatskappy
4.1.4	King Kode	D	Monitor beheermaatreëls om wanbestuur en bedrog te voorkom
		E	Hierdie sit die etiese en effektiewe leierskap uiteen wat van maatskappye verwag word.

(4)

4.2 **OUDITVERSLAG**

’n Uittreksel van die onafhanklike ouditverslag van Lexi Bpk vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2022, word verskaf.

INLIGTING:

UITTREKSEL VAN DIE OUDITVERSLAG VAN LEXI BPK

Ons het die finansiële state van Lexi Bpk vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022, soos uiteengesit in bladsye 12 – 30, geoudit. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die …

Basis van Mening
Gedurende ons oudit is daar vasgestel dat bonusse ten bedrae van R11,2 miljoen wat aan die direkteure betaal is nie deur die Vergoedingskomitee goedgekeur nie.

Oudit Mening
As gevolg van die belangrikheid van bogenoemde sake, kon ons nie genoegsame ouditbewyse bekom om ’n basis vir ’n mening te verskaf nie. Gevolglik, spreek ons nie ’n mening uit oor die finansiële state van Lexi Bpk vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022 nie.

BB (Buthelezi en Bester) Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)

Verwys na die uittreksel van die ouditverslag aan Lexi Bpk en beantwoord die volgende vrae:

4.2.1 Waarom verwys die onafhanklike ouditeure na bladsye 12 – 30 van die jaarlikse verslag? (2)

4.2.2 Voltooi die sin "Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die **…**" in paragraaf 1. Skryf slegs die ontbrekende woord neer om die sin te voltooi. (1)

4.2.3 Watter soort ouditverslag het Lexi Bpk van BB Ouditeure ontvang? (1)

4.2.4 As 'n aandeelhouer, watter bekommernisse sal jy aangaande die ouditverslag hê? Verduidelik DRIE punte. (6)

4.2.5 Verwys na paragraaf 2. Verduidelik die rol/verantwoordelikheid van die Vergoedingskomitee en gee 'n rede waarom hierdie komitee noodsaaklik is. (2)

4.3 PROBLEEMOPLOSSING: VASTE BATES

Die volgende inligting is verkry uit die rekords van JB Verskaffers Bpk. Die maatskappy het drie eenderse afleweringsvoertuie. Hierdie voertuie word gebruik in die aflewering van voorraad aan kliënte. Dit is beleid dat aflewerings gratis sal wees aan kliënte wat binne 'n radius van 10 km van die perseel af is.

OPDRAG:

Identifiseer en verduidelik DRIE hoof probleme (met syfers) in terme van die beheer oor vaste bates. In ELKE geval, verskaf raad om die beheer oor die bates te verbeter. (9)

INLIGTING VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 Februarie 2022:

BESONDERHEDE	VOERTUIG A	VOERTUIG B	VOERTUIG C
Kosprys:	R375 000	R280 000	R150 000
Aankoopdatum:	01/03/2021	01/03/2020	01/03/2002
Drawaarde 28/02/2022:	R337 500	R224 000	R1
Afstand gery in die afgelope jaar:	23 400 km	18 360 km	17 880 km
Aantal aflewerings gemaak:	520 per jaar	1 050 per jaar	1 100 per jaar
Brandstof verbruik:	R40 300 per jaar	R31 620 per jaar	R39 595 per jaar
Diens en onderhoudskoste:	R0 (Onderhouds-plan van die motorhandelaar)	R3 500 per jaar	R9 500 per jaar
Aantal dae wat die voertuigbestuurder gewerk het:	283 dae	239 dae	291 dae
Salaris van die voertuigbestuurder per jaar:	R252 000	R252 000	R252 000

25

TOTAAL: 150

EINDE

GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Nie-bedryfslaste : Aandeelhouersbelang
(Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van Verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (* Sien nota hieronder)
$\frac{\text{Netto wins voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	

Nota:

* In hierdie geval, indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.